Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# HANDELSREG N5

(13030105)

**30 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

141Q1B2030

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


**DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B. Indien jy meer as DRIE vrae in AFDELING B beantwoord, sal slegs die eerste drie antwoorde nagesien word.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kies die verkeerde antwoord. Verteenwoordiging word deur die volgende gekenmerk:

A Een persoon tree namens 'n ander op.
B Die handeling is gemagtig.
C Alle partye word deur die handeling gebind.
D Dit is 'n regshandeling.

1.2 'n Voorbeeld van 'n spesiale volmag.

A 'n 'n Voog wat namens 'n minderjarige handel
B 'n Kurator wat namens 'n kranksinnige persoon optree
C Transportbesorgers wat 'n verbandakte registreer
D 'n Kurator wat namens 'n insolvente boedel handel

1.3 'n Voorbeeld van 'n persoonlike sekerheidstelling ('security'):

A Pand
B Borgstelling
C 'n Retensiereg
D 'n Hipoteek/Verband

1.4 Kies die verkeerde antwoord. Bates wat nie deel uitmaak van 'n insolvente persoon se gesekwestreerde boedel nie:

A Lewenspolisse
B Besoldiging vir werk wat voor sekwestrasie gedoen is
C Pensioengeld
D Klerasie en ander noodsaaklike bestaansmiddele

1.5 Kenmerke van 'n vennootskap sluit in:

A Maksimum van 10 persone
B Beperkte aanspreeklikheid
C Mag in eie naam dagvaar en kan gedagvaar word
D Goeie kontinuïteit

1.6 Vorm van lewering van onroerende eiendom as 'n vennoot se bydrae:

A Konstruktiewe lewering
B Werklike lewering
C Sessie
D Oordrag by die Akteskantoor

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.7 Pick n Pay is 'n voorbeeld van 'n ... maatskappy.

A in staatsbesit
B privaat
C met persoonlike aanspreeklikheid
D publieke

1.8 Kies die verkeerde antwoord. Eienskappe van 'n skuldbrief:

A 'n Vorm van geleende kapitaal
B Skuldbriefhouers is skuldeisers.
C Rente moet betaal word.
D Maak deel uit van aandelekapitaal/ekwiteit.

1.9 Die belangrikste dokument in die geval van 'n beslote korporasie:

A Akte van oprigting
B Statute
C Die samewerkingsooreenkoms
D Akte van oprigting ('Memorandum of Association')

1.10 'n Voorbeeld van 'n bergingsretensiereg:

A Die oprigting van heinings op 'n plaas
B 'n Karweier wat 'n retensiereg het vir vervoerkoste op goedere wat hy vervoer het
C Uitgawes aangegaan om te sorg vir lewende hawe in die afwesigheid van die eienaar om die diere aan die lewe te hou
D Die sink van 'n boorgat om water te voorsien vir persoonlike gebruik

(10 × 2) **[20]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.-2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Om 'n geldige retensiereg te skep, is werklike fisiese beheer oor die eiendom tesame met die bedoeling om die eiendom vir jou eie voordeel te hou verpligtend.

2.2 Beslote korporasies kan nog steeds gestig word.

2.3 Borgstelling word nie beëindig wanneer die hoofskuld tot 'n einde kom nie.

2.4 Die voorreg van uitskudding beteken dat die skuldeiser eers stappe teen die hoofskuldenaar moet doen voor die borg aangespreek word.

2.5 Borgstelling is 'n saaklike reg.

2.6 Vennote het beperkte aanspreeklikheid.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.7 'n Pand is 'n persoonlike reg.

2.8 'n Vennootskapooreenkoms hoef nie op skrif te wees nie.

2.9 'n Publieke maatskappy kan genoteer word of hoef nie genoteer te word nie.

2.10 'n Maatskappye het nog steeds 'n samewerkingsooreenkoms.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Kies 'n woord of term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-J) langs die vraagnommer (3.1-3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Retensiereg | A | iemand wat geld by 'n finansiële instelling geleen het om die aankoop van onroerende eiendom te finansier |
| 3.2 | Verbandgewer | B | skuld wat beide partye aan mekaar verskuldig is, word vergelyk en die verskil word betaal |
| 3.3 | Spesiale volmag | C | individue wat die totstandkoming van 'n maatskappy aan die gang sit |
| 3.4 | Uberrima fides | D | regsentiteit |
| 3.5 | Geregtelike pand | E | om te goeder trou op te tree |
| 3.6 | Klandisie | F | reg om eiendom te hou totdat volle betaling ontvang is vir uitgawes aangegaan |
| 3.7 | Dividende | G | inkomste wat onder aandeelhouers verdeel word |
| 3.8 | Beslote korporasie | H | die balju van die hof lê beslag op die eiendom van die skuldenaar ter uitvoering van 'n hofbevel |
| 3.9 | Promotors | I | voorbeeld van 'n onliggaamlike bate |
| 3.10 | Skuldvergelyking | J | bevoegdheid verleen aan 'n aktevervaardiger om 'n verbandakte te registreer |

(10 × 1) **[10]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

Definieer die volgende begrippe:

4.1 Likwidasie

4.2 'n Paaiementverkooptransaksie

4.3 'n Pand

4.4 'n Faktor ('factor')

4.5 'n Beskikking sonder teenwaarde

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



Met 'n ekonomie met 'n baie lae groeikoers en werkloosheid, bevind al meer Suid-Afrikaners hulle met oorweldigende skuld. As jy diep in die skuld is, kan dit jou help om jou finansiële lewe te herbou as jy aansoek doen om insolvensie. Dit is egter iets wat jy net moet oorweeg nadat jy alle ander opsies oorweeg het.

**WAT BETEKEN INSOLVENSIE?**

Beteken dit dat jy eenvoudig nie jou skuld kan betaal nie? Nee, dis nie so eenvoudig nie!

Daar is ook dade van insolvensie – loop lig hiervoor! Moenie probeer wegkruip vir jou skuldeisers nie. As jy skuldig bevind word aan enige daad van insolvensie, kan jou skuldeisers aansoek doen om die sekwestrasie van jou boedel.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**KAN IEMAND VRYWILLIG GESEKWESTREER WORD?**

Ja, inderdaad! Maar dit is beslis nie om jou verantwoordelikhede en aanspreeklikheid te ontduik nie. Daar moet besliste voordele vir jou skuldeisers wees. Maart jy. die insolvente skuldenaar, kan ook daarby baat.

Wat is verskil dan tussen verpligte en vrywillige boedeloorgawe?

**WEET WAT JOU REGTE EN VERPLIGTING TYDENS SEKWESTRASIE IS**

As insolvent behoort jy ten volle bewus te wees van wat jy kan doen en wat jy nie kan doen nie. Dink jy dat jy kan aanhou werk? Indien wel, hoe sal dit jou werk beïnvloed?

**KAN IEMAND WAT SEKWESTRASIE IN DIE GESIG STAAR NOG STEEDS SY BATES VERVREEM?**

Beslis nie! Die kurator sal kyk na wanneer die insolvent van sy bates ontslae geraak het en of een skuldeiser 'n voordeel of voorkeur bo ander skuldeisers ontvang het. Een van die grootste voordele wanneer 'n sekwestrasiebevel toegestaan word, is die begrip dat skuldeisers gelyk behandel moet word, tensy hy 'n voorkeurskuldeiser is.

**GAAN AL DIE INSOLVENT SE BATES IN DIE INSOLVENTE BOEDEL?**

Gelukkig nie. Die insolvent moet nog steeds met sy of haar lewe voortgaan.

**HOE WORD DIE INSOLVENT GEHELP OM SY/HAAR FINANSIËLE PROBLEME TE OORBKOM EN OM WEER NUUT TE BEGIN?**

Dis waarom sekwestrasie plaasvind, gevolg deur 'n rehabilitasietydperk. 'n Rehabilitasiebevel word na 'n ruk uitgereik.

5.1 Een van jou vriende het bogenoemde artikel oor insolvensie gelees, maar is nog steeds in die duister. Hy vra jou nog 'n paar vrae. Kyk of jy hom kan help.

5.1.1 Wat beteken dit om insolvent te wees? (2)

5.1.2 Wat word bedoel met dade van insolvensie? Kan jy enige VYF sulke dade van insolvensie vir my verduidelik? (5 × 2) (10)

5.1.3 Wat is die verskille tussen verpligte en vrywillige sekwestrasie? Kan jy dit vir my in tabelvorm verduidelik? (4)

| VERPLIGTE SEKWESTRASIE: | VRYWILLIGE SEKWESTRASIE |
|---|---|
| | |
| | |

(4 × 1)

5.1.4 Sal ek kan voortgaan met my werk? Verduidelik dit asseblief vir my. (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.1.5 Sal al my bates in my insolvente boedel opgeneem word? Kan jy DRIE voorbeelde vir my noem van bates wat nie in my gesekwestreerde boedel opgeneem sal word nie? (3)

5.1.6 Ek het nogal heelwat skuldeisers. Ek sien daar word gepraat van betalings wat heel eerste aan voorkeurskuldeisers gemaak word. Ek het die volgende skuld: 'n verbandakte oor my huis; geld wat ek skuld vir die oprigting van heinings op my plaas; skoolgeld; 'n rekening by 'n plaaslike winkel; uitstaande huurgeld; geld wat skuld op 'n afbetalingskoopooreenkoms; 'n uitstaande elektrisiteitsrekening en geld wat ek by vriende geleen het en moet terugbetaal.

Kan jy asseblief vir my sê wie my voorkeurskuldeisers is? (4)

5.1.7 Ek besef ek is in finansiële moeilikheid, maar is daar regtig voordele daaraan om vrywillig gesekwestreer te word? Jy sal my daarvan oortuig as jy enige TWEE voordele vir my kan noem. (2)

5.1.8 Die skuldeisers sal tog sekerlik nie vrywillige sekwestrasie toelaat as hulle nie ook bevoordeel word nie. Hoe word hulle daardeur bevoordeel? (3 × 2) (6)

5.1.9 Kan jy vir my verduidelik wat die gevolge van 'n rehabilitasiebevel is? (3 × 2) (6)

5.1.10 Na hoeveel jaar vind rehabilitasie outomaties plaas? (1)

5.2 Bespreek kortliks VYF omstandighede waarin die lidmaatskap van lede van beslote korporasie beëindig kan word. (5 × 2) (10)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 6




Die nuwe Maatskappywet wat in 2009 gepromulgeer is en sedert Mei 2011 in werking is, het die Suid-Afrikaanse reg geheel en al herskryf. Die nuwe Wet is daarop gemik om die reg te moderniseer, dit in ooreenstemming met internasionale beste praktyk te bring, en om dit meer gebruikersvriendelik te maak vir ondernemings – veral deur dit met ander Suid-Afrikaanse wetgewing te rasionaliseer, soos die Promotion of Access to Information Act (Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting).

Deur die Wet eenvoudiger en minder voorskriftelik te maak, moedig die Wet entrepreneurskap, asook ekonomiese en indiensnemingsgroei aan. Dit is meer buigsaam (maatskappye word byvoorbeeld toegelaat om sekere vereistes volgens hul eie omstandighede te verander) en aanpasbaar (kleiner maatskappye het minder verantwoordelikhede as groot publieke maatskappye wat betref korporatiewe bestuur en finansiële verslagdoening).

6.1 Die nuwe Maatskappywet maak voorsiening vir VIER tipe maatskappye. Noem hierdie vier tipe maatskappye. (4)

6.2 Daar word gemeld dat die nuwe Wet entrepreneurskap aanmoedig. Thuli, Neo en Vasti woon in dieselfde omgewing. Elkeen van hulle bedryf 'n Spaza-winkel wat kos aan hul bure verkoop. Hulle bedien dieselfde mark en hulle besef dat daar 'n toenemende behoefte is om meer voorraad aan te hou. Hulle besluit om 'n supermark te stig. Hulle nader jou en vra jou raad oor hoe hulle te werk moet gaan om 'n maatskappy te stig. Verwys in jou bespreking na die TWEE belangrikste dokumente en enige DRIE funksies van elke dokument vir 'n maatskappy. (10)

6.3 Terwyl Doe Bpk gestig is, het Juba 'n kontrak met Dijo Bpk namens Doe Bpk gesluit. Dit is nou vier maande na inkorporasie van Doe Bpk en Juba is bekommer oor die moontlikheid dat hy gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou kan word as gevolg van hierdie kontrak wat hy met Dijo Bpk voor inkorporasie van Doe Bpk gesluit het. Bespreek kortliks die vereistes waaraan voldoen moet word voor Doe Bpk aan hierdie voorinkorporasiekontrak gebonde sal wees. (5 × 2) (10)

6.4 Daar word genoem dat finansiële verslagdoening moet plaasvind. Noem die VYF finansiële jaareindopgawes wat ingedien moet word. (5)

6.5 Die feit dat 'n maatskappy 'n regsentiteit is, het besliste voordele. Bespreek DRIE van hierdie voordele. (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.6 Beleggers kan óf aandele óf skuldbriewe in 'n maatskappy koop. Noem in tabelvorm enige DRIE verskille tussen 'n aandeel en 'n skuldbrief. (6)

6.7 Definieer kortliks die volgende begrippe:

6.7.1 Die leerstuk van konstruktiewe kennisgewing

6.7.2 Die ultra vires-leerstuk

6.7.3 Die Turquand-reël

(3 × 2) (6)

6.8 Noem die DRIE belangrikste aandeelklasse. (3)

**[50]**

**VRAAG 7**

7.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.




Tien jaar gelede sit Samantha in haar beste vriendin, Rachel, se kombuis en 'n idee is daar gebore dat hulle saam 'n onderneming moet begin. Hulle sou 'n bruilofbeplanningsonderneming bedryf. Aangesien hulle die meeste van die dekor sou huur, het hulle nie aanvanklik baie kapitaal nodig gehad nie, maar besluit dat elkeen R40 000.00 sal bydra.

Al waaraan hulle gedink het, was die opwinding wat hulle ervaar het. Hulle het gou hul eerste kliënt gekry, en ooreengekom dat elkeen 'n gelyke aantal ure sou werk en hul wins 50/50 sou verdeel. Binne 'n jaar het hul kliënte in so 'n mate toegeneem dat dit hulle in staat gestel het om elkeen hul doelwit van 30 uur te werk.

Na 'n paar jaar het die tyd wat Rachel aan die onderneming bestee het en die gehalte van haar werk verminder. Vir elke uur wat Rachel gewerk het, het Samantha twee keer soveel tyd bestee. Kliënte het Samantha vertel dat hulle ontevrede is met Rachel se werkprestasie. Rachel het 'n sensitiewe geaardheid gehad en het tranerig en gillend ontplof telkens wanneer Samantha probeer het om haar sagkens te vertel dat haar werk agteruit gegaan het.

In plaas daarvan dat hulle saam diens aan hul kliënte verskaf, het Samantha die onderneming stadig verander sodat elkeen van hulle onafhanklik na kliënte se behoeftes omgesien het. 'n Paar jaar later het Rachel net een kliënt gehad, terwyl Samantha se kliëntebasis geweldig toegeneem het. Hulle vennootskap ontbind en hul vriendskap het ook tot 'n einde gekom.

[Bron: *https://www.businessknowhow.com/startup/partnership.htm, toegang verkry op 5 Augustus 2018*]

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.1.1 Is dit 'n geldige vennootskap? Staaf jou antwoord deur na die essentialia van 'n vennootskap te verwys. Bied jou antwoord as volg aan:

| Essentialia | Motivering uit gevallestudie |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

(5 × 2) (10)


7.1.2 'n Vennootskap is nie 'n regsentiteit nie. Bespreek kortliks enige TWEE gevolge hiervan. (2 × 2) (4)

7.1.3 Daar word genoem dat hul vennootskap gou ontbind het. Daar bestaan verskeie gronde vir die ontbinding van 'n vennootskap, maar in hierdie geval was dit waarskynlik weens Samantha se eensydige handeling by wyse van 'n hofbevel. Op watter gronde kon Samantha dit doen? (2)

7.1.4 Bespreek VIER gevolge van ontbinding. (4 × 2) (8)

7.1.5 Noem VIER van Samantha en Rachel se verpligtinge. (4)

7.2




**BORGSTELLING – LOOP LIG!**

Dit kan baie gevaarlik wees om 'n borgstelling vir iemand anders te teken. Toets eers jou kennis om seker te maak of jy hierdie begrip ten volle verstaan.

7.2.1 Definieer borgstelling. (4)

7.2.2 Gebruik 'n voorbeeld en verduidelik kortliks waarom dit gevaarlik kan wees om 'n borgstelling te onderteken. (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.2.3 'n Borg het DRIE gemeenregtelike voorregte. Bespreek kortliks die volgende TWEE voorregte:

7.2.3.1 Voorreg van verdeling (3 × 2) (6)

7.2.3.2 Voorreg van sessie van aksie (3 × 2) (6)

7.2.4 Noem enige VIER maniere waarop die hoofskuld tot 'n einde kan kom. (4)

**[50]**

**VRAAG 8**

Bestudeer die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Lwandile wil sy huis verkoop, maar wil nie self die bemarking doen nie. Hy beskik ook nie oor die nodige regskennis om al die aspekte van die kontrak te behartig nie en besluit dus om Amla Agencies aan te stel om sy huis te verkoop. Een van die agente, Tsephiso, skakel hom om na 'n paar skouhuise te gaan kyk. |

8.1 Noem die VIER kenmerke van hierdie vorm van verteenwoordiging. (4)

8.2 Hoe het hierdie agentskapskontrak tot stand gekom (1)

8.3 Bespreek Tsephiso se plig om eerlik te wees en om te goeder trou op te tree. (4 × 2) (8)

8.4 Veronderstel Amla Agencies gee Tsephiso opdrag om nie 'n aanbod van minder as R1,2 miljoen te aanvaar nie. Die koper bied R1,1 miljoen aan en Tsephiso gaan voort met die verkoop van die huis. Lwandile aanvaar ook hierdie aanbod en die koopkontrak word gesluit. Amla Agencies bekragtig hierdie kontrak.

Bespreek kortliks die bekragtiging van hierdie kontrak. Jy moet in jou antwoord ook verwys na die VIER vereistes vir bekragtiging. (5 × 2) (10)

8.5 Bespreek die VIER maniere waarop 'n agentskapkontrak tot 'n einde kan kom. (4 × 2) (8)

8.6 Veronderstel die koper is Jarred. Jarred neem 'n verband uit om hom in staat te stel om hierdie huis te koop.

8.6.1 Bespreek kortliks die inligting wat in 'n verbandakte moet voorkom. (5 × 2) (10)

8.6.2 Noem enige NEGE maniere waarop 'n verband tot 'n einde kan kom. (9)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou